



www.diehoopprojek.co.za/ukwanda



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

Ukwanda Landelike Kliniese Skool

*Aan die voorpunt van verandering vir
landelike gesondheid*

*'n Voetsoolvlak-inisiatief vir beter gesondheidsdienste
in landelike Suid-Afrika*

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

HOOP
PROJEK

www.diehoopprojek.co.za



“Hervormingspogings en omwentelings wat die Suid-Afrikaanse gesondheidstelsel laat kreun en steun het uit protes, moet voortduur totdat die stelsel op sy kop gekeer is – met ’n duidelike partydigheid vir landelike gesondheid.”

Gesondheidstelseltrust, Suid-Afrika

“Ukwanda” is ’n Xhosa-woord wat beteken ‘om binne die gemeenskap te groei en te ontwikkel ten einde ’n positiewe verskil te maak’.

Behoeftte aan landelike gesondheidsorg

Wêreldwyd is die gesondheidstatus van mense in landelike gemeenskappe oor die algemeen swakker as dié van hulle eweknieë in stedelike gebiede. Die redes hiervoor wissel, maar in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika loop landelike gemeenskappe dikwels erger deur onder armoede en werkloosheid, wat bydra tot die swak gesondheidstatus van diegene wat in afgeleë gebiede woon.

Suid-Afrika ervaar tans 'n kritiese tekort aan opgeleide mediese dokters. Volgens 2011-getalle is daar slegs 0.57 dokters vir elke 1 000 mense in die land (Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika, HPCSA). Ontwikkelde lande het tussen twee en vyf dokters per 1 000 mense, en selfs ander ontwikkelende lande soos Meksiko en Brasilië het onderskeidelik 1.9 en 1.8 dokters per 1 000 mense.

In Maart 2012 was daar 38 236 geregistreerde dokters in Suid-Afrika, maar heelwat van hulle is oorsee en daar word geraam dat net meer as die helfte in die land praktiseer. Die Parlement het verlede jaar aangedui dat Suid-Afrika nog sowat 12 500 dokters benodig om al die pasiënte in die staatsektor te bedien.

Om by die groeiende populasiesyfers by te hou behoort daar elke jaar 2 400 nuwe dokters in Suid-Afrika te kwalifiseer, maar tans word daar slegs 1 000 nuwe dokters per jaar opgelei.

Benewens die probleem van personeeltekorte, is gesondheidswerkers boonop oneweredig oor die land versprei. Oral oor die wêreld verkies die meeste gesondheidsberoepslui stedelike, welgestelde gebiede, ondanks die feit dat mense in landelike gemeenskappe meer gesondheidsverwante probleme ondervind. Volgens 2004-statistiek van die HPCSA is die meeste dokters in die Wes-Kaap en Gauteng, terwyl die minste dokters in Limpopo, die Oos-Kaap en die Noord-wes provinsies voorkom wat grootliks landelik is. Hierdie ongelyke verspreiding beteken dat diegene in die grootste nood die swakste diens ontvang.

Hoe die Universiteit Stellenbosch oplossings help soek

In reaksie op hierdie kritieke personeeltekort het die Universiteit Stellenbosch (US) die Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid in 2002 op die been gebring om gesondheidswerkers toe te rus met toepaslike kennis en praktiese ervaring van die gesondheidskwessies waarmee landelike en diensarm gemeenskappe te doen kry.

Stellenbosch was een van die eerste universiteite in Suid-Afrika om 'n landelike opleidingsplatform aan sy studente te bied.

Die afgelope dekade reeds fasiliteer die Sentrum voorgraadse onderrig in die Overberg- en Kaapse Wynland-distrik van die Wes-Kaap sowel as in die Oos-Kaap, en onderneem etlike gemeenskapsinteraksie- en navorsingsprojekte op klein skaal. As deel van die Sentrum, ontvang voorgraadse mediese studente ook opleiding by 'n aantal landelike streekshospitale, kleiner distrikshospitale en klinieke – onder meer Malmesbury, Paarl, Citrusdal, Stellenbosch, Madwaleni en Zithulele.

Maar goeie landelike opleidings- en leergeleenthede alleen is nie voldoende nie. Studente se emosionele band met die lewe op die platteland spruit immers uit hul ervarings gedurende hulle tyd in die gemeenskap, sowel as die verhoudings wat hulle met plaaslike mense bou. Kort rotasies is nie genoeg om blywende bande te smee nie. In 'n betrokkenheidsmodel word studente eger blootgestel aan die realiteite van werk in 'n hulpbronarm omgewing binne die bestaande gesondheidsorgstelsel, en nie daarnaas nie. Studente bied bystand en ondersteuning aan gesondheidsorgpersoneel, en doen terselfdertyd waardevolle praktiese ervaring op.

Voer landelike gesondheidsorg 'n trappie verder

Om studente verder aan die rol van landelike gesondheidswerkers bloot te stel, het die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe in 2011 die Ukwanda Landelike

Kliniese Skool (LKS) op die been gebring. Dié vertakking van die Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid stel mediese studente in staat om hul finale jaar in 'n landelike gemeenskap te voltooi. Sodoende word voorgraadse mediese studente in die landelike leefstyl geakkultureer, met 'n gevolglike styging in die aantal gegradueerdes wat uiteindelik kies om hul beroep in landelike gemeenskappe te beoefen.

Die Skool ondersteun en bied ook opleiding aan ander gesondheidsberoepslui en gesondheidsorgwerkers in 'n landelike omgewing, en skep 'n platform vir navorsing oor onderwerpe wat met landelike gesondheid en gesondheidswetenskap verband hou.

Hoe Ukwanda 'n verskil maak

Die doel van die Ukwanda LKS is om meer gesondheidsberoepslui op te lei, en om meer gegradueerdes te oortuig om hulle loopbane in landelike omgewings te beoefen. Internasionale ervaring toon dat werwing- en behoudsifers hoër is indien jy studente gedurende hul opleiding reeds aan die landelike lewe bekend stel.

As deel van die projek word daar 'n strategiese klem geplaas op die werwing van studente uit landelike gebiede en maatreëls is in plek om enige hindernis deur akademiese vakke uit te skakel om sodoende landelike studente se toetrede tot mediese en verwante gesondheidsberoepse te bevorder.

'n Suksesvolle model van 'n landelike kampus wat die lewens van landelike gemeenskappe doeltreffend verbeter, kan as argetipe vir ander landelike gebiede in Suid-Afrika sowel as elders op die vasteland dien.

Vroeë suksesse

Die Ukwanda LKS is die eerste inisiatief in sy soort in Suid-Afrika. In 2011 is agt finalejaar- mediese studente vir die hele akademiese jaar in twee landelike gebiede geplaas. Ses is na die spilpunt van die Skool by die Worcester-streekshospitaal gestuur. Hier het hulle aan 'n meer tradisionele onderrigmodel

deelgeneem, met rotasies deur die hoofdissiplines, en spesialiste in beheer van die meeste van die opleiding. Die ander twee is geplaas by een van die satellietfasiliteite, Ceres-ditrikshospitaal, waar 'n nuwe onderrigmodel (die longitudinale geïntegreerde model) gebruik word. Hiervolgens bied 'n huisarts die meeste van die opleiding aan. Al agt het in Desember 2011 as dokters gekwalifiseer. Hulle was die eerste in die land wat hul hele sesde jaar van kliniese opleiding op 'n landelike kliniese platform voltooi het.

Die tweede groep van 22 studente is in 2012 by die LKS geplaas – 18 op Worcester, twee op Robertson, en twee op Swellendam. Uiteindelik wil die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe graag deurlopende, jaar lange landelike opleiding aan minstens 30 studente-interns sowel as studente van die verwante gesondheidsberoepse bied, en sodoende gesondheidsdienslewering ondersteun en toegang tot sorg van gehalte in die gemeenskappe van Worcester, Ceres, Robertson, Caledon, Hermanus en Swellendam verbeter.

Ander mediese studente en studente in die verwante gesondheidsberoepse bring ook steeds kliniese opleidingstyd op die landelike platform deur, terwyl gesprekke oor nuwe, innoverende onderrig- en opleidingsmodelle voortduur.

Die groter prentjie

Die toenemende behoefte aan die uitbreiding van aktiwiteite in landelike gemeenskappe het uitgedaag op die stigting van die LKS, om diensleergeleenthede te ontwikkel en wyer aan konstruktiewe gemeenskapsvennootskappe en -interaksie deel te neem.

Die LKS-konsep spruit uit ervarings in Australië en Noord-Amerika, waar gesondheidsbeleidvormers op hulle onderskeie landelike personeelkrisisse gereageer het deur landelike kliniese skole en departemente van landelike gesondheid te stig om voorgraadse mediese studente in die landelike leefstyl te akkultureer. Sodoende het hulle al hoe meer gegradueerdes oortuig om uiteindelik in 'n landelike gemeenskap te praktiseer. Hulle het bevind dat studente van landelike oorsprong hulle meer waarskynlik in landelike gemeenskappe sal vestig.

Die onderliggende beginsel en benadering van die LKS-inisiatief is verdeelde onderrig (“distributive education”) – dit wil sê ’n kombinasie van klaskameronderrig en diensleer. Die Skool bied alternatiewe opleidingsgeleenthede vir voor- en nagraadse studente, wat noodsaaklik blyk te wees in die strewe na die Wes-Kaapse Regering se gesondheidsplan vir 2020. Dit strook ook met die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se sakeplan, wat verbind is tot optimale gesondheid in Afrika, en waarvolgens 50% van kliniese opleiding (vir voorgraadse gesondheidswetenskappe-studente) in die gemeenskap en 10% in landelike gebiede plaasvind.

Waarom ’n skenking aan Ukwanda?

Afrika het nou nodig dat aktiewe rolspelers ontwikkelingsbeloftes in tasbare vordering omskep en sodoende vir miljoene mense beduidende hoop bring. Vir die Universiteit Stellenbosch, simboliseer die Ukwanda Landelike Kliniese Skool hoop in aksie.

In aansluiting by die werk van die Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid, bevorder die Ukwanda LKS ’n indompelingsmodel van opleiding, waar studente deur middel van ’n multidissiplinêre benadering aan die realiteite van die lewe in, en gesondheidsorglewering aan, diensarm gemeenskappe blootgestel word.

Die hoofdoelwit van hierdie fase van die projek is om geskikte opleidingsterreine in te rig, met logistieke steun vir verblyf, studenteveiligheid en studentevervoer vir langtermyn-voorgraadse en nagraadse landelike plasinge. Dit sal bereik word deur die oprigting van ’n volwaardige skool op die Wes-Kaapse dorp Worcester (as spilpunt), met satellietpersele op vyf ander landelike dorpe oor die Wes-Kaap heen.

Bouwerk aan die spilpunt op Worcester is in 2012 afgehandel en die volgende stap is om vyf opleidingsterreine, bekend as akademiese speke, met leersentrums én verblyf, op die landelike dorpe Ceres, Robertson, Swellendam, Hermanus en Caledon op te rig.

Elke leersentrum sal ’n oppervlakte van sowat 150–200 m² beslaan, wat die volgende behoort in te sluit:

- Twee seminaarkamers, waarvan minstens een met telematiese opleidingsfasiliteite toegerus is
- Een oopplan-werkstasie met plek vir drie tot ses rekenaarstasies
- Een teekamer met ’n klein kombuisie
- Een kantoor vir die professionele verpleegkundige wat menslikehulpbron-ontwikkeling sal behartig
- Een kantoor vir die administratiewe klerk
- Een kantoor vir die huisarts
- Een vaardigheidslaboratorium

Skenkingsgeleenthede

In sy huidige vorm, is die Ukwanda LKS ’n uitstekende voorbeeld van ’n vennootskap tussen die US en verskillende vlakke van regering om volhoubare oplossings vir uitdagings in landelike gesondheidsorg te skep. Deur die Ukwanda LKS te ondersteun, kan maatskappye en individue dié vennootskap versterk deur tot ’n nalatenskap van HOOP by te dra.

Die speke van die spil-en-speek-model sal tegelyk as akademiese opleidingsfasiliteite, met lesings deur die Fakulteit vanaf die Tygerbergkampus via telematiese tegnologie, sowel as gesondheidsorgfasiliteite dien. Deur die sigbare teenwoordigheid van die Universiteit op hierdie dorpe, en blywende bande wat met plaaslike gemeenskappe gesmee sal word, is die verwagting dat die US méér voornemende studente uit landelike gebiede sal werf deur ’n belangstelling in verdere studie aan te wakker by leerders vir wie ’n universiteitsgraad voorheen nie eens ’n vae moontlikheid was nie.

FINANSIERINGSMOONTLIKHEDE	VEREISTE BEDRAG
Onderrig-infrastruktuur: Caledon, Ceres, Hermanus, Robertson, Swellendam	R2.5 miljoen vir elk van die vyf speke*
Bedryfs- en IT-koste (vir vyf jaar)	R300 000 per fasiliteit *

* Wisselkoers: R7.70 = \$1

Spil-en-speek-model



Die kaart beeld ál die Ukwanda-opleidingsterreine in die Wes-Kaap uit: Bredasdorp, Caledon, Ceres, Grabouw, Hermanus, Malmesbury, Montagu, Paarl, Robertson, Somerset-Wes, Swellendam, Wellington en Worcester. Twee ander opleidingsterreine, Madwaleni en Zithulele, is in die Oos-Kaap.

Studente-ervarings



Marcia Vermeulen – finalejaar-mediese student van 2012

“Ek het besluit om my finale jaar by die Landelike Kliniese Skool te doen om my praktiese kliniese vaardighede te verbeter. Ek stel ook baie belang in primêre gesondheidsorg, wat dit die ideale leeromgewing vir my maak.

“Tot dusver was die ervaring sowel uitdagend as verrykend: Die voordele is dat ek baie praktiese kliniese blootstelling kry en dat daar kontinuïteit in pasiëntesorg is. Die uitdagings van opleiding aan die landelike skool is dat jy meer kliniese verantwoordelikhede het en meer portefeuljegevalle en -assesserings hanteer.

“Tog sal ek steeds studente aanraai om aan die Landelike Kliniese Skool te studeer, veral indien hulle in primêre gesondheidsorg belang stel en meer onafhanklik wil werk.”



Rohan du Plessis – finalejaar-mediese student van 2012

“Ek stel baie belang in primêre gesondheidsorg en wil eendag graag in ’n landelike gebied werk. Dit is waarom ek besluit het om my opleiding aan die Landelike Kliniese Skool te ontvang.

“Die voordele is al die praktiese ervaring van primêre gesondheidsorg, en blootstelling aan ’n wye verskeidenheid gesondheidskwessies – dus doen jy veel omvattender ondervinding op. Die feit dat jy heeljaar hier bly, beteken dat jy ook verhoudings met pasiënte bou en sorgkontinuïteit ervaar.

“Ek sou sê ons werk ongetwyfeld harder hier, maar die praktiese ervaring en gereelde toegang tot spesialiste en toesighouers vergoed daarvoor.”

Die verband tussen Ukwanda en die HOOP Projek

Die Ukwanda LKS is ’n inisiatief van die US se HOOP Projek, wat wetenskaplike oplossings bedink vir van Suid-Afrika en Afrika se knellendste uitdagings. In wese behels dit betekenisvolle navorsings- en opleidingsprojekte wat die samelewing dien en ’n beter toekoms help bou, terwyl dit ook die Universiteit as ’n akademies sterk en relevante instelling vestig.

Deur sy HOOP Projek, ondersteun die US vyf gekose temas op die internasionale ontwikkelingsagenda: die uitwissing van armoede en verwante toestande; die bevordering van menswaardigheid en gesondheid; die bevordering van demokrasie en menseregte; die bevordering van vrede en veiligheid, en die bevordering van ’n volhoubare omgewing en ’n kompeterende nywerheid.

Die Ukwanda LKS-projek strook met die HOOP Projek se visie vir die uitwissing van armoede en verwante toestande, sowel as die bevordering van menswaardigheid, demokrasie, menseregte en gesondheid.

Die LKS bied ruimte vir innovasie, en is maar die eerste stap in die skep van ’n sterk multidisiplinêre landelike teenwoordigheid. Vanaf 2013 sal die Worcester-kampus, waar die LKS geleë is, ook die tuiste wees van die SciMathUS-oorbruggingsprogram, wat opvoedkundig benadeelde leerders ’n tweede geleentheid bied om vir toelating tot hoër onderwys in aanmerking te kom. Die program word reeds sedert 2001 met groot welslae op die Stellenbosch-hoofkampus bedryf. Hierdie uitbreiding sal méér leerders nou toegang tot hierdie geleentheid bied.

Ander fakulteite sal ook aangemoedig word om innoverende onderrigmodelle te oorweeg wat interdisiplinêre betrokkenheid via die Worcester-kampus en speekterreine sal bevorder. Danksy sy hipermoderne tegnologie, kan die US afstandsleer fasiliteer, wat op sy beurt reis- en verblyfkoste verminder.

Kontakbesonderhede

PROJEK:

Dr Therese Fish

Adjunkdekaan: Gemeenskapsdiens en -interaksie
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Universiteit Stellenbosch
TYGERBERG
Suid-Afrika

Tel: +27 (0)21 938 9033

E-pos: tfish@sun.ac.za

SKENKINGS en BORGSKAPPE

Me Annamia van den Heever

Direkteur: Ontwikkeling

Universiteit Stellenbosch

STELLENBOSCH

Suid-Afrika

Tel: +27 (0)21 808 4895

E-pos: avdheever@sun.ac.za

www.diehoopprojek.co.za/ukwanda



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY